

Skriflesing: Johannes 16: 1-15

Tema: Die Heilige Gees bring vir ons bewyse.

Die Here Jesus het Sy laaste maaltyd, die Paasmaal, saam met Sy dissipels geëet op die Donderdagaand net voor Sy kruisiging die volgende dag. Na die ete het die Here kernaspekte van die Blye Boodskap by Sy dissipels ingeskerp. Johannes 16 is deel van die gesprek. Die Here praat spesifiek oor hoe dit sal wees nadat Hy opgevaar het van die aarde af. Natuurlik geld dit wat Hy sê, vandag nog vir ons:

In die tyd ná Jesus se weggaan is daar sekere dinge waarop Sy mense kan reken:

1. Ons gaan dit nie maklik hê nie
2. Ons kan reken op die Heilige Gees se teenwoordigheid

Jesus waarsku Sy volgelinge teen hewige vervolging. Ons moet nie daardeur onkant betrap word of moedeloos word en uitsak nie. Ons moet geen illusies daarvoor hê dat ons selfs doodgemaak sal word ter wille van Sy Naam nie. Mense sal dink hulle doen God 'n guns deur die Christene te vervolg. Saulus (wat Paulus geword het) sou later 'n goeie voorbeeld hiervan wees. As jy die Here liefhet, kan jy verwag om teenstand te kry, agteraf beskinder te word of uitgestoot te word. Die Here het vooruit gesê dat dit sal gebeur.

Hy het ook gesê dat Hy teruggaan na God wat Hom gestuur het. 'n Mens kan verstaan dat die dissipels bedroef geword het toe hulle Jesus hoor praat van dat Hy "weggaan." Hulle Heer en Leermeester gaan weg. Hy laat hulle alleen agter. Hulle verstaan nie wat dit beteken nie. Wat gaan van hulle word? Waarom gaan Hy weg nou dat hulle Hom die nodigste het?

Dan kom die Here met hierdie verrassende versekering: "Dit gaan tot julle vóórdeel wees dat Ek weggaan, want anders gaan die Heilige Gees nie na julle toe kom nie." Christus-deur-die-Gees-by-ons is van baie groter voordeel vir ons as Christus-in-die-vlees-by-ons. Met sy menslike opstandingsliggaam is Sy verlossingswerk in 'n klein beperkte geografiese area (eintlik maar rondom Jerusalem) bewerk. Christus deur die Heilige Gees gaan 'n enorme effek hê op die hele planeet aarde. Die Koninkryk kon nou ontplof tot ver buite die grense van Jerusalem.

En Christus laat ons nie alleen agter in die wêreld vol vervolging nie. Die tweede ding waarop ons kan reken is dat hierdie Heilige Gees as die Here se Voorspraak of spesiale Helper by en in ons is.

Wat is die kern van die Heilige Gees se bediening?

Laat Hy mense in vreemde tale spreek?

Laat Hy almal gesond word?

Veroorsaak Hy allerlei vreemde ervarings? Hy kan al hierdie goed doen.

Maar die Bybel is glashelder duidelik daarvoor dat hierdie tipe goed nié die kern van die Heilige Gees se werk is nie. Wat kom doen die Heilige Gees? Ons hoef nie eens daarvoor te wonder nie. Die Heilige Gees fokus op Jesus en wat God reeds deur Jesus Christus gedoen het. Die Gees verkondig net die goeie nuus wat Hy van Jesus ontvang het.

Bewyse is baie belangrik. Bewyse in 'n hofspraak bepaal die uitspraak. Die Gees bewys 3 goed:

1. Hy bewys dat wêreld skuldig is aan sonde.

Let eers daarop aan wie Hy dit bewys: Hy bewys dit aan die *wêreld*.

Hy bewys dat hulle skuldig is nie aan "sondes"(meervoud) nie, maar enkelvoud "sonde" - net één sonde.

Die Gees oortuig so 'n persoon van een enkele sonde: dit is dat die persoon nié in Christus en Sy verlossing GLO nie.

Dit hang direk saam met die tweede ding wat die Gees bewys: dat Jesus reg was en dat Hy ons saak met God reggestel het.

Die Jode het geroem dat hulle reg was en Jesus nie regtig die Seun van God was nie. Die Heilige Gees bewys dat Jesus reg was.

Die Heilige Gees bewys dat ons, deur Jesus Christus, vrygespreek is van alle sondeskuld. Die blote feit dat Jesus uit die dood opgestaan en weggegaan het na die Vader, is die klinkklare bewys dat Hý Sy opdrag van versoening suksesvol afgehandel het en dat die Vader dit aanvaar het.

Die Heilige Gees oortuig mense dat Jesus hulle saak met God reggemaak het.

God is nie meer vir hulle kwaad is nie. Hy voer nie meer 'n stryd teen hulle nie. Christus het alles reggemaak. Ons moet sy verlossing in geloof aanvaar.

Die derde realiteit wat die Gees bewys, is dat die satan klaar veroordeel is.

Die Gees getuig nie van die komende oordeel by die wederkoms nie. Hy bewys dat die oordeel verby is.

Joh 16:11 "Die owerste van die wêreld, die satan, is kláár veroordeel."

Dit klop 100% met Kol 2:14-15 waar ons lees dat God die bose magte ontwapen het deurdat Hy alle skuldbewyse teen ons aan die kruis laat spyker het.

Al wapen wat duiwel ooit gehad het, was om ons by God aan te kla en te veroordeel.

Maar nou is geen veroordeling moontlik nie, want die klagstate is deur Jesus Christus vernietig.

Die Gees oortuig kinders van die Here nie van oordeel wat nog kom nie, maar van oordeel wat reeds afgehandel is. Die monster se krag is gebreek. Die vyand is oorwin. Ons is vry om in Christus nuut te leef.

Die Gees bewys dat niemand se saak met God reg was nie, dat Christus ons saak met God reggemaak het en dat die bose veroordeel en ontwapen is.

Almal moet dit hoor, Christus in geloof aanneem en oorwinnaarslewe leef.

Amen